5. (1) Enigeen wat 'n lyk wil laat begrawe moet ingevolge die bepalings van subartikel (2) by die beheerbeamppte 'n aansoek indien in die vorm wat deur die Raad voorgeskryf is, en onderteken is deur die naaste oorlewende verwant van die oorledene of die persoon wat deur sodanige verwant gemagtig is, of indien die beheerbeamppte daarvan oortuig is dat die handtekening van sodanige verwant of behoorlik gemagtigde persoon nie betyds verkry kan word nie, onderteken deur enige ander persoon

wat die beheerbeamppte oortuig van sy identiteit en belang by die betrokke begraving.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) en artikel 8(d), moet elke aansoek om begraving minstens tien diensure voor sodanige begraving ingedien word.

(3) Kennis van uitstel of kansellering van 'n begraving moet minstens een diensuur voordat die begraving sou plaasvind, aan die beheerbeamppte gegee word.

Begraving slegs in Toegekende Graf

6. Onderworpe aan die bepalings van hierdie verordeninge, mag geen begraving plaasvind in 'n graf wat nie deur die beheerbeamppte toegeken is nie.

Nommers van Grafte

7. Niemand mag 'n pen op 'n graf vassit wat nie behoorlik ingevolge hierdie verordeninge toegewys is nie, en niemand mag 'n lyk in 'n graf begrawe nie waar daar nie 'n pen waarop die nommer van die graf gemerk is, wettig vasgesit is nie.

Aantal Begrawings

8. Hoogstens drie begrawings, hetsy gelyktydig of opeenvolgend, mag met die voorafverkreë toestemming van die Raad in enige graf plaasvind: Met dien verstande dat —

(a) sodanige graf ingevolge artikel 10(1)(b) dieper gemaak is;

(b) 'n aansoek wat voltooi is in die vorm wat deur die Raad voorgeskryf is, by die beheerbeamppte ingedien is;

(c) in die geval van opeenvolgende begrawings, enige gedenkwerk op sodanige graf, indien enige, op koste van die aanseker verwyder is en aan enige vereiste van die Raad ten opsigte van sodanige verwydering voldoen is;

(d) in die geval van opeenvolgende begrawings, nadat daar aan die bepalings van paragraaf (c) voldoen is, minstens tien diensure kennis van sodanige begrawings aan die beheerbeamppte gegee is in die vorm wat deur die Raad voorgeskryf is, en die toepaslike voorgeskrewe gelde betaal is.

Afmettings van Grafte

9. Behoudens die bepalings van artikel 10 —

(a) moet, vir 'n volwassene —

(i) die graf 2 300 mm lank en 1 200 mm breed, gemeet op grondvlak wees; en

(ii) die grafopening 2 200 mm lank, 1 850 mm diep en 750 mm breed wees;

(b) moet, vir 'n kind —

(i) die graf 1 550 mm lank en 750 mm breed, gemeet op grondvlak wees; en

(ii) die grafopening 1 400 mm lank, 1 550 mm diep en 450 mm breed wees.

Groter maak van Uitgrawings

10. (1) Ondanks die bepalings van artikel 9 en behoudens die bepalings van subartikel (2) —

(a) kan die uitgraving van die graf van 'n volwassene, indien 'n doodkis te groot is om daarin te pas, groter gemaak word sodat die doodkis daarin pas;

(b) kan enige graf voordat die eerste begraving daarin plaasvind, dieper gemaak word sodat 'n verdere begraving daarin kan plaasvind.

(2) Indien die uitgraving van 'n graf groter of dieper gemaak moet word soos beoog by subartikel (1), moet die beheerbeamppte dienooreenkomstig verwittig word minstens tien diensure voor 'n begraving en sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die betaling van die toepaslike voorgeskrewe geld.

Bedekking van Doodkiste

11. (1) Daar moet minstens 1 200 mm grond tussen 'n doodkis en die grondoppervlak wees, en in die geval van opeenvolgende begrawings minstens 300 mm grond tussen doodkiste wees.

(2) Minstens 300 mm grond moet onmiddellik na begraving oor 'n doodkis geplaas word.

Konstruksie van Doodkiste

12. Geen doodkis wat bedoel is om in 'n graf geplaas te word, mag van enige ander materiaal as deur die Raad goedgekeur gemaak wees nie.

HOOFSTUK IV

BEGRAFNISSE

Godsdienstige Seremonies of Gedenkdiens

13. Onderworpe aan die opdragte van die beheerbeamppte kan 'n godsdienstige seremonie of 'n gedenkdiens in enige begraafplaas gehou word.

Beheer van Lykwaens

14. Niemand mag in 'n begraafplaas 'n lykwa bestuur of enige lykwa laat bestuur elders as op 'n pad nie of 'n lykwa in sodanige pad laat staan of vertraag nadat die doodkis uit sodanige lykwa verwyder is nie.

Vervoer van Lyke

15. Niemand mag in enige straat, begraafplaas of ander openbare plek —

(a) 'n lyk op 'n onbetaamlike wyse vervoer nie;

(b) enige gedeelte van so 'n lyk blootstel nie; of

(c) die deksel of skuifluik van 'n doodkis waarin 'n lyk geplaas is, verwyder nie.

Vervoer van Doodkiste

16. Enigeen wat ingevolge hierdie verordeninge aansoek doen om 'n lyk te laat begrawe moet sorg dat die doodkis na die graf vervoer word.

Voldoening aan Opdragte by Begrafnis

17. Enigeen wat aan 'n begraving, stoet of seremonie in 'n begraafplaas deelneem, moet aan enige opdrag van die beheerbeamppte voldoen.

Duur van Dienste

18. Niemand mag 'n kapel of beskutting in 'n begraafplaas langer as 30 minute sonder die toestemming van die beheerbeamppte vir die doel van 'n diens of 'n seremonie okkupeer nie.

Begrafnisure

19. (1) Geen begrafnis mag op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag of vroeër as 09:00 of later as 16:00 plaasvind nie en enige begrafnis wat na bogenoemde tye eindig, word geag 'n

laatsbegraving te wees en die toepaslike voorgeskrewe gelde is betaalbaar.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), kan die beheerbeampte by wie aansoek gedoen word, indien hy daarvan oortuig is dat dit 'n noodgeval is, na betaling van die toepaslike voorgeskrewe gelde, 'n begraving toelaat op die dae en gedurende die tyd wat by subartikel (1) verbied word.

HOOFSTUK V

HEROPENING VAN GRAFTE EN OPGRAWINGS

Opgrawingsvoorwaardes

20. (1) Niemand mag —

(a) sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad en die goedkeuring van die Administrateur van Transvaal ingevolge die Verwydering van Dooie Liggamme en Grafte Ordonnansie, 1925 (Ordonnansie 7 van 1925), 'n lyk opgrawe of laat opgrawe nie; of

(b) gedurende enige tydperk wanneer die begraafplaas vir die publiek oop is, 'n lyk opgrawe of laat opgrawe nie.

(2) Indien stoflike oorskot uit enige graf opgegrawe moet word, moet die beheerbeampte die graf laat uitgrawe vir sodanige opgrawing, maar hy mag nie, behalwe soos bepaal by artikel 21, 'n lyk uit die graf verwyder nie.

(3) Indien 'n graf vir opgrawingsdoeleindes uitgegrawe moet word, moet minstens 40 diensure skriftelike kennis van die beoogde opgrawing aan die beheerbeampte gegee word en sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die toepaslike voorgeskrewe gelde.

(4) Die graf waaruit 'n lyk opgegrawe gaan word, moet gedurende die opgrawing toereikend afgeskerm word en 'n geskikte houer vir die lyk moet verskaf word deur die persoon wat sodanige opgrawing doen.

(5) Die persoon wat sodanige opgrawing doen, moet sorg dat die lyk en die graf behoorlik ontsmet en ontreuk word.

Herbegraving deur die Raad

21. Indien die opgrawing van 'n lyk na die mening van die Raad raadsaam of nodig is, of indien 'n lyk strydig met hierdie verordening in 'n graf begrawe is, kan die Raad, onderworpe aan die bepalings van die Verwydering van Dooie Liggamme en Grafte Ordonnansie, 1925, sodanige lyk laat opgrawe en in 'n ander graf laat herbegrawe: Met dien verstande dat, indien moontlik, 'n verwant van die oorledene van die beoogde herbegraving in kennis gestel moet word en sodanige verwant mag sodanige herbegraving bywoon.

HOOFSTUK VI

VERSORGING VAN GRAFTE

Tuinmaak van Grafte en Voorwerpe op Grafte

22. (1) Niemand, behalwe die Raad, mag op grafte tuinmaak nie.

(2) (a) Niemand mag, behalwe gedurende die eerste agt-en-twintig dae na 'n begraving in 'n graf enige voorwerp of versiering daarop plaas, oprig of laat nie.

(b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a), kan natuurlike of kunstblomme en die houters waarin hulle bevat is, te eniger tyd op 'n graf geplaas word: Met dien verstande dat natuurlike of kunstblomme op 'n graf in die grasperkseksie en landskapseksie net geplaas mag word in 'n houer

wat geplaas is in die holte wat in die voetstuk, gedenksteen of gedenkplaat aangebring is.

(c) Die beheerbeampte of enige lid van sy personeel kan natuurlike of kunstblomme en enige houer wat op 'n graf geplaas is, verwyder wanneer dit verwelk, verbleik of beskadig is.

HOOFSTUK VII

GEDENKWERK

Oprigting of Heroprigting van Gedenkwerk

23. (1) Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad enige gedenkwerk in 'n begraafplaas oprig of heroprig of enige materiaal vir daardie doel in 'n begraafplaas inbring nie.

(2) Aansoek om toestemming ingevolge subartikel (1) moet minstens 24 diensure voor die beoogde oprigtingsdatum by die Raad gedoen word in die vorm wat deur die Raad voorgeskryf is en dit moet vergesel wees van die toepaslike voorgeskrewe gelde, sowel as 'n skets in tweevoud met die afmetings van die voorgename gedenkwerk daarop en wat die posisie aantoon van die voorgename werk, vergesel van 'n spesifikasie van die materiaal wat gebruik sal word en 'n afskrif van enige voorgename grafskrif.

(3) Die bepalings van subartikel (1) is mutatis mutandis van toepassing op gedenkwerk wat uit 'n begraafplaas verwyder is en teruggebring word.

(4) Behalwe met die toestemming van die beheerbeampte mag geen gedenkwerk opgerig of werk daaraan verrig word tydens die duur van 'n begraving of op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag, of te eniger tyd tussen 16:00 en 9:00 nie.

(5) Niemand mag te eniger tyd enige gedenkwerk oprig of heroprig wanneer die grond waarop sodanige gedenkwerk opgerig of heropgerig gaan word, na die mening van die beheerbeampte nie in 'n geskikte toestand is nie.

(6) Die persoon in beheer van die oprigting of heroprigting van enige gedenkwerk moet die skriftelike toestemming waarna in subartikel (1) verwys word, op versoek van die beheerbeampte toon.

(7) Geen gedenkwerk of materiaal vir gebruik in verband daarmee mag op so 'n wyse in 'n begraafplaas vervoer word dat dit paai of die terrein moontlik kan beskadig nie.

(8) Enige oorskotmateriaal, rommel of puin wat uit die oprigting of heroprigting van enige gedenkwerk voortspruit, moet onmiddellik verwyder word deur die persoon wat vir sodanige oprigting verantwoordelik is.

Minderwaardige Gedenkwerk

24. Die Raad kan die oprigting of heroprigting van enige beoogde gedenkwerk wat na sy mening van minderwaardige vakmanskap of kwaliteit is, of wat 'n begraafplaas op enige wyse hoegenaamd kan ontsier, verbied.

Inskripsies op Gedenkwerk

25. (1) Die enigste besonderhede van die vervaardiger van gedenkwerk wat daarop mag verskyn, is sy naam wat onderaan die gedenkwerk geplaas moet word.

(2) Inskripsies op gedenkwerk wat na die mening van die Raad onsedelik, onbetaamlik of aanstootlik is, moet onverwyld op bevel van die Raad verwyder word.

Aftakeling van Gedenkwerk

26. (1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie artikel en aan die bepalings van artikel 8(c), mag niemand behalwe die houer van regte op 'n graf of iemand wat skriftelik deur sodanige houer gemagtig is, enige gedenkwerk op 'n graf aftakel, verander of versteur nie en sodanige houer of persoon mag slegs met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad aldus handel.

(2) Afgetakelde gedenkwerk mag in geen gedeelte van die begraafplaas behalwe op die graf waarop sodanige gedenkwerk opgerig was, gelaat word nie: Met dien verstande dat die beheerbeampte in die geval van 'n verdere begraving in sodanige graf kan toelaat dat sodanige gedenkwerk aldus in die begraafplaas gelaat word vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae na sodanige begraving.

(3) Indien 'n ouer of persoon na wie daar in subartikel (1) verwys word, versuim om afgetakelde gedenkwerk weer op te rig binne 30 dae nadat dit afgetakel is of indien sodanige gedenkwerk strydig met subartikel (2) in die begraafplaas gelaat word, kan die Raad aan sodanige houer of persoon 30 dae skriftelik kennis gee waarin van hom vereis word om op sy eie koste sodanige gedenkwerk weer op te rig of sodanige gedenkwerk saam met al die rommel in verband daarmee uit die begraafplaas te verwyder.

(4) Indien enige gedenkwerk na die mening van die Raad 'n gevaar vir die publiek geword het, strydig met hierdie verordeninge opgerig is, of beskadig is, kan die Raad aan die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, skriftelik kennis gee en van hom vereis om binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing verstrekk word, op sy eie koste sodanige gedenkwerk veilig te maak of dit te verander sodat dit aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen of om sodanige gedenkwerk af te takel en saam met al die rommel in verband daarmee uit die begraafplaas te verwyder.

(5) Indien sodanige houer of persoon versuim om aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (3) of (4) te voldoen, kan die Raad sonder dat hy aanspreeklik word vir die betaling van vergoeding —

(a) die betrokke gedenkwerk heroprig;

(b) die betrokke gedenkwerk aftakel en wegdoen en enige rommel in verband daarmee verwyder; of

(c) die betrokke gedenkwerk veilig maak;

en sodanige houer of persoon is aanspreeklik vir enige koste wat die Raad aangaan wanneer hy stappe ingevolge hierdie subartikel doen.

(6) Indien enige gedenkwerk na die mening van die Raad so 'n gevaar geword het dat onmiddellike stappe vir die beveiliging van die publiek noodsaaklik is, kan die Raad sonder om enige kennis aan die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, te gee en sonder dat die Raad aanspreeklik word vir die betaling van vergoeding —

(a) die betrokke gedenkwerk aftakel en dit verwyder saam met enige rommel in verband daarmee; of

(b) die betrokke gedenkwerk veilig maak.

(7) Indien die Raad ingevolge subartikel (6) opgetree het, moet hy onmiddellik die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, skriftelik in kennis stel van die werk wat gedoen is en indien gedenkwerk ingevolge subartikel (6)(a) afgetakel is, hom daarvan in kennis stel dat, tensy hy die gedenkwerk opeis en uit die begraafplaas verwyder binne 'n tydperk wat in die kennisgewing verstrekk word, die beheerbeampte dit sal wegdoen.

(8) Sodanige houer of persoon is aanspreeklik vir enige koste wat die Raad aangaan in verband met stappe wat ingevolge subartikel (6) gedoen is.

(9) Indien die houer of persoon na wie daar in subartikel (1) verwys word, versuim om die koste waarna in subartikel (8) verwys word, te betaal of gedenkwerk wat die Raad ingevolge subartikel (6)(a) afgetakel het, op te eis en te verwyder, kan die Raad sodanige gedenkwerk wegdoen op enige wyse wat hy goed dink en indien sodanige wegdoening enige opbrengs oplewer, moet dit gebruik word ter bestryding van die koste van die aftakeling, verwydering, opberging en wegdoening van sodanige gedenkwerk en rommel in verband daarmee.

(10) Indien dit na die mening van die Raad nodig is om die posisie van van enige gedenkwerk wat ooreenkomstig die voorskrifte en posisie wat die Raad bepaal het, opgerig is, te verander, kan die Raad die posisie van sodanige gedenkwerk verander: Met dien verstande dat die Raad die koste van sodanige verandering dra.

Algemene Vereistes vir Gedenkwerk

27. Iemand wat gedenkwerk oprig of heroprig moet sorg dat —

(a) wanneer enige gedeelte van sodanige gedenkwerk aan enige ander gedeelte gelas word, dit gelas word met behulp van klampe van koper of gegalvaniseerde yster, penne of tapskroewe van 'n dikte wat deur die Raad goedgekeur is en wat lank genoeg is om te pas in gate wat nie sonder die voorafverkreë toestemming van die Raad minder as 50 mm diep mag wees nie;

(b) alle gedenkwerk moet voltooi wees voordat dit in 'n begraafplaas gebring word;

(c) geen sagte klip vir enige gedenkwerk gebruik word nie en gedenkwerk siegs van marmer of graniet of ander erkende harde klip gebou of gemaak word.

Vereistes vir Gedenkwerk in Grasperkseksie

28. Die volgende bepalings is van toepassing op gedenkwerk en grafte in 'n grasperkseksie:

(a) Kopstukke moet 'n maksimum van 1 200 mm in die hoogte, 910 mm in die wydte en 230 mm in die diepte wees.

(b) geen ander voorwerp as 'n grafsteen wat hoogstens twee holtes vir houters vir blomme mag bevat, mag op 'n graf geplaas word nie: Met dien verstande dat 'n vaas waarin natuurlike of kundblomme en loof gehou mag word, geplaas mag word op die voetstuk of in 'n holte wat in die voetstuk vir sodanige vaas verskaf word en sodanige vaas mag uiters 300 mm hoog wees en sy horisontale afmetings mag nie dié van sy basis met meer as 60 mm oorskry nie; en

(c) geen randsteen wat 'n graf afbaken en geen plat blok wat 'n graf bedek, word toegelaat nie.

Toesig oor Werk

29. Iemand wat gedenkwerk in 'n begraafplaas oprig, moet dit doen onder die toesig en tot die voldoening van die beheerbeampte.

HOOFSTUK VIII

ASSE

Begrawing van Asse

30. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) kan as in 'n graf in enige afdeling van enige begraafplaas begrawe word en alle voor-

skrifte, bepalings en gelde wat in hierdie verordeninge op die begrawing van 'n lyk in sodanige graf van toepassing is, is mutatis mutandis van toepassing op die begrawing van as in sodanige graf: Met dien verstande dat die grafopening klein kan wees as wat voorgeskryf is vir 'n grafopening vir die begrawing van 'n lyk.

(2) Daar moet minstens 900 mm grond tussen enige doodkis wat as bevat en die grondoppervlak wees.

Opgraving van Asse

31. (1) Niemand mag as uit enige graf opgrawe sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad en sonder nakoming van die voorwaardes wat die Raad mag stel nie.

(2) Aansoek om die opgraving van as moet minstens 10 diensure vooraf by die Raad gedoen word en vergesel wees van die toepaslike geld wat in die Bylae by hierdie verordeninge voorgeskryf word.

HOOFSTUK IX

ALGEMEEN

Verbodsbepalings

32. (1) Niemand —

(a) onder die ouderom van 12 jaar mag 'n begraafplaas betree; nie, behalwe in die sorg van 'n persoon wat ouer as 16 jaar is; of

(b) mag 'n begraafplas op 'n ander wyse as deur die hekke wat verskaf word, binnegaan of verlaat nie.

(2) Niemand mag in 'n begraafplaas —

(a) 'n kantoor of ingeslote ruimte binnegaan nie waar ingang verbied word by wyse van 'n kennisgewing wat op 'n opvallende plek vertoon word, behalwe op sake in verband met sodanige begraafplaas;

(b) besigheid dryf, of 'n traktaat, besigheidskaart of advertensie vertoon, versprei of laat nie;

(c) op 'n gedenkwerk of raadseiendom sit, staan, klim of dit ontsier of beskadig nie;

(d) 'n hinderlike, onsedelike of aanstootlike daad of enige daad wat 'n oorlas is of 'n steurnis veroorsaak, pleeg nie;

(e) 'n dier, sonder die toestemming van die Raad inbring nie;

(f) 'n demonstrasie hou of daaraan deelneem nie;

(g) 'n plant of gedeelte daarvan sonder die toestemming van die beheerbeampte verwyder nie;

(h) 'n voertuig sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte bestuur of parkeer op enige pad waar sodanige bestuur of parkering verbied word by wyse van 'n kennisgewing wat op 'n opvallende plek vertoon word, of 'n voertuig strydig met 'n opdrag van die Raad bestuur of parkeer nie;

(i) 'n voertuig bestuur of 'n fiets ry teen 'n hoër snelheid as 20 km per uur nie;

(j) 'n beampte van die Raad in die uitoefening van sy bevoegdheid of die uitvoer van sy pligte ingevolge hierdie verordeninge hinder, weerstaan of teenstaan of weier om te voldoen aan 'n wettige bevel of 'n versoek van sodanige beampte nie;

(k) 'n musiekinstrument of apparaat sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte bespeel of laat bespeel nie; of

(l) 'n sport beoefen of homself gedra op 'n wyse wat nie by die atmosfeer van 'n begraafplaas pas nie.

Aanspreeklikheid van die Raad vir Besering of Beskadiging

33. Die Raad is nie aanspreeklik nie vir enige besering van 'n persoon of beskadiging van enige eiendom indien sodanige besering of beskadiging is in 'n begraafplaas opgedoen is.

Gratis Begrawing

34. Indien 'n armlastige sterf en geen familielid of ander persoon gevind kan word om die begrawingskoste van die oorledene te betaal nie, kan die Raad sodanige lyk gratis begrawe: Met dien verstande dat behoudens ander bepalings in hierdie verordeninge, meer as een armlastige per graf begrawe kan word.

Betaling van Gelde

35. Alle gelde wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar is, moet vooruit by die Raad se kantore betaal word.

Begraafplaasure

36. Die Raad bepaal die ure wat 'n begraafplaas vir die publiek oop sal wees en sodanige ure moet aangedui word op 'n kennisgewingbord by enige hek van sodanige begraafplaas: Met dien verstande dat die Raad enige begraafplaas of gedeelte daarvan vir die publiek kan sluit vir sodanige tydperk en sodanige doeleindes as wat hy goed dink.

Misdrywe en strawwe

37. Iemand wat —

(a) opsetlik enige feit of dokument in verand met 'n aansoek om begrawing verberg;

(b) 'n vals verklaring doen in sy skriftelike aansoek om begrawing; of

(c) enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan of aan enige kennisgewing ingevolge hierdie verordeninge gegee, te voldoen, veroorsaak of toelaat of duld dat iemand anders dit doen;

begaan 'n misdryf en is by skuldigebevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortgesette misdryf word hy aan 'n afsonderlike misdryf vir elke 24 uur of gedeelte van sodanige tydperk waartydens die misdryf voortgesit word, skuldig geag en is strafbaar vir elke sodanige misdryf met 'n boete van hoogstens R50 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Benewens sodanige boete moet enige koste wat deur die Raad aangegaan word as gevolg van 'n oortreding van enige van die bepalings van hierdie verordeninge of die versuim om aan enige kennisgewing ingevolge hierdie verordeninge gee, te voldoen of by die uitvoering van enige werk by hierdie verordeninge voorgeskryf as deur enigemand uitgevoer te word en wat nie deur hom uitgevoer is nie, deur die persoon betaal word wat hom aan sodanige oortreding of versuim skuldig maak of wat versuim om sodanige werk uit te voer.

Herroeping van Verordeninge

38. Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Midrand, afgekondig in die Provinsiale Koerant van 3 Februarie 1988, word hierby herroep.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

	IN- WO- NERS	NIE- IN- WO- NERS
1. Teraardbestelling:		
(1) Volwassene	R150	R650
(2) Kind	R 60	R400
2. Oopmaak van graf vir opgraving:	R100	R120
3. Bykomende gelde vir laat-begravings asook op Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae:	R200	R450
4. Oprigting van gedenkwerk en grafstene:		
(1) Volwassene	R100	R400
(2) Kind	R 50	R250
5. Gelde vir elke verdere begraving:		
(1) Volwassene	R100	R400
(2) Kind	R 50	R200
6. Dieper maak van graf:	R 70	R300
7. Aansoek om toestemming vir oprigting of verandering van gedenkwerk:	R 10	R 80
8. Teraardebestelling van as in 'n nis:	R 50	R300

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3795

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The Midrand Town Council, hereby gives notice in terms of Section 69(6)(a) read with Section 96(3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Old Pretoria Road, Randjespark for a period of 28 days from 2 October 1991.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Town Clerk, Midrand at the above address or at Private Bag X20, Halfway House, 1685, within a period of 28 days from 2 October 1991.

H R A LUBBE
Town Clerk

Municipal Offices
Old Pretoria Road
Randjespark
Private Bag X20
Halfway House
1685
16 September 1991
Notice No. 116/1991

ANNEXURE

Name of Township: Halfway House Extension 22.

Name of applicant: Rob Fowler and Associates on behalf of Aggeliki Antoniadis.

Number of erven: "Business 1" : 2

Description of land: Portions 14 and 15 of Holding 4, Halfway House Estates Agricultural Holdings.

Situation: East of Old Pretoria Road (Road P1-2) and north of the intersection of Road P1-2 and Church Street.

Remarks: This advertisement supersedes all previous advertisements for the township Halfway House Extension 22.

Reference Number: 15/8/HH22

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3795

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stadsraad van Midrand, gee hiermee in-gevolge Artikel 69(6)(a) gelees met Artikel 96(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om stigting van die dorp in die bylae hierby genoem, deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantore by die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Ou Pretoriaweg, Randjespark, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Oktober 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Oktober 1991 skriftelik en in tweevoud by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Privaatsak X20, Halfway House, 1685 ingedien of gerig word.

H R A LUBBE
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Ou Pretoriaweg
Randjespark
Privaatsak X20
Halfway House
1685
16 September 1991
Kennisgewing No. 116/1991

BYLAE

Naam van Dorp: Halfway House Uitbreiding 22

Naam van aansoekdoener: Rob Fowler en Medewerkers namens Aggeliki Antoiades.

Aantal erwe: "Besigheid 1" : 2

Beskrywing van grond: Gedeeltes 14 en 15 van Hoewe 4, Halfway House Estate Landbouboewes.

Ligging: Oos van Ou-Pretoriapad (Pad P1-2) en noord van die aansluiting van Pad P1-2 en Churchweg.

Opmerkings: Hierdie advertensie vervang alle vorige advertensies vir die dorp Halfway House Uitbreiding 22.

Verwysingsnommer: 15/8/HH22

TENDERS

NB — Tenders previously published and where the closing dates have not yet passed, have not been repeated in this notice. Tenders are normally published 3-5 weeks before the closing date.

TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION**TENDERS**

As published on
2 October 1991

TENDERS

LW — Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatum nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE**TENDERS**

Soos gepubliseer op :
2 Oktober 1991

Tender	Description of Tender Beskrywing van Tender	Closing date Sluitingsdatum
ITHA	341/91 Bench-top centrifuge: Klerksdorp Hospital/Werkbanksentrifuge: Klerksdorpse Hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	342/91 High-speed centrifuge: H.F. Verwoerd Hospital/Hoëspoedsentrifuge: H.F. Verwoerd-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	343/91 Micro-haematocrit centrifuge: Ga-Rankuwa Hospital/Mikrohematokritsentrifuge: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	344/91 High-speed centrifuge: Ga-Rankuwa Hospital/Hoëspoedsentrifuge: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	345/91 Hybridization incubator: Ga-Rankuwa Hospital/Hibridisasie-inkubator: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	346/91 pH meter: Ga-Rankuwa Hospital/pH-meter: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	347/91 Vacuum dot blotter: Ga-Rankuwa Hospital/Vakuumkoluitwiser: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	348/91 Shaking waterbath: Ga-Rankuwa Hospital/Skommelende waterbad: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	349/91 pH meter: Ga-Rankuwa Hospital/pH-meter: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991
ITHA	350/91 Slab gel dryer: Ga-Rankuwa Hospital/Plaatjeldroër: Ga-Rankuwa-hospitaal.....	31/10/1991

IMPORTANT NOTICES IN CONNECTION WITH TENDERS

1. The relative tender documents including the Transvaal Provincial Administrator's official tender forms, are obtainable on application from the relative addresses indicated below. Such documents and any tender contract conditions not embodied in the tender documents are also available for perusal at the said addresses.

Tender Ref	Postal address	Room No	Building	Floor	Telephone Pretoria
ITHA	Executive Director of Hospital Services Branch, Private Bag X221, Pretoria	780 AI	Provincial Building	7	201-4285
ITHB and ITHC	Executive Director of Hospital Services Branch, Private Bag X221, Pretoria	782 AI	Provincial Building	7	201-4281
ITHD	Executive Director of Hospital Services Branch, Private Bag X221, Pretoria	781 AI	Provincial Building	7	201-4202
SECR.	Director-General (Purchases and Supplies), Private Bag X64, Pretoria	519	Old Poynton Building	5	201-2941
ITR	Executive Director, Transvaal Roads Branch, Private Bag X197, Pretoria	D307	Provincial Building	3	201-2530
ITWB	Chief Director, Chief Directorate of Works, Private Bag X228, Pretoria	C112	Provincial Building	1	201-2306
ITHW	Chief Director, Chief Directorate of Works, Private Bag X228, Pretoria	CM 5	Provincial Building	M	201-4388

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. All tenders must be submitted on the Administration's official tender forms.

4. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Deputy Director: Provisioning Administration Control, PO Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tenderer's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tenders must be in the hands of the Deputy Director by 11:00 on the closing date.

5. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the tender box at the enquiry office in the foyer of the Provincial Building at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11:00 on the closing date.

C G D GROVÉ, Deputy Director: Provisioning Administration Control

25 September 1991

BELANGRIKE OPMERKINGS IN VERBAND MET TENDERS

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente asmede enige tenderkontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adresse ter insae beskikbaar.

Tender Verwysing	Posadres	Kamer No	Gebou	Verdieping	Telefoon Pretoria
ITHA	Uitvoerende Direkteur: Tak Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria	780 AI	Provinsiale Gebou	7	201-4285
ITHB en ITHC	Uitvoerende Direkteur: Tak Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria	782 AI	Provinsiale Gebou	7	201-4281
ITHD	Uitvoerende Direkteur: Tak Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria	781 AI	Provinsiale Gebou	7	201-4202
SEKR.	Direkteur-generaal (Aankope en Voorrade), Privaatsak X64, Pretoria	519	Ou Poynton Gebou	5	201-2941
ITR	Uitvoerende Direkteur: Tak Paaie, Privaatsak X197 Pretoria	D307	Provinsiale Gebou	3	201-2530
ITWB	Hoofdirekteur, Hoofdirektoraat Werke, Privaatsak X228, Pretoria	C112	Provinsiale Gebou	1	201-2306
ITHW	Hoofdirekteur, Hoofdirektoraat Werke, Privaatsak X228, Pretoria	CM 5	Provinsiale Gebou	M	201-4388

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. Alle tenders moet op die amptelike tendervorms van die Administrasie voorgelê word.

4. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verseëlde koeverte ingedien word, geadresseer aan die Adjunk-direkteur: Voorsieningsadministrasiebeheer, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon, asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11:00 op die sluitingsdatum, in die Adjunk-direkteur se hande wees.

5. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11:00 op die sluitingsdatum in die tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

C G D GROVÉ, Adjunk-direkteur: Voorsieningsadministrasiebeheer.

25 September 1991

CONTENTS**Administrator's Notices**

507. Swartruggens Municipality: Excision of Portion 53 of the farm Brakfontein 404 JP. (A portion of Portion 3)	4774
511. Piet Retief Amendment Scheme 18	4774
512. Declaration as Approved Township: Retiefville Township	4774
513. Application for the Closing of Public and District Road 998 over the farms Zwakfontein 1201S, Riversdale 119 IS, Vanschalkwyksrust 118 IS and Syferfontein 115 IS: Distrik of Bethal	4777
514. Notice of Correction: Kwa-Guqa Extension 4	4777
515. Declaration as Approved Township Benoni Extension 45	4778
516. Benoni Amendment Scheme 1/360	4779
517. Notice: Northern Transvaal Regional Services Council: Amendment and determination of members council	4780
518. Notice: Highveld Regional Services Council: Amendment and determination of members council	4780
519. Licences Ordinance, 1974 (Ordinance No 19 of 1974): Alteration of the Licensing Area of the Licensing Board of Germiston	4781
520. Local Authority Committee of Phagameng By-laws on the allocation and Administration of the letting of accommodation in a certain hostel under the control of the Local Authority Community of Phagameng	4782
521. By-laws on the allocation and Administration of the letting of accommodation in a certain hostel under the control of the Local Authority Committee of Mookgophong	4786
522. East Geduld Extension 1 Township	4791

Official Notice

41. Lydenburg: Amendment to Pound Tariff	4791
--	------

General Notices

2029. Randburg Amendment Scheme 1603	4792
2032. Re-advertisement: Hennopspark Extension 18 Township	4793
2042. Cullinan: Establishment of Township	4793
2043. Tzaneen Amendment Scheme 99	4794
2044. Pretoria Amendment Scheme: Erasmuskloof Extension 3 and Extension 4	4795
2045. Pretoria Amendment Scheme 3366	4795
2046. Pretoria Amendment Scheme 3885	4796
2047. Pretoria Region Amendment Scheme: Zwartkop Extension 8	4797
2048. Pretoria Amendment Scheme: Groenkloof	4797
2049. Akasia Amendment Scheme 32	4798
2050. Witbank Amendment Scheme 1/281	4798
2051. Randburg Amendment Scheme 1615	4799
2052. Randburg Amendment Scheme 1616	4799
2053. Randburg Amendment Scheme 1617	4800
2054. Randburg Amendment Scheme 1618	4800
2055. Randburg Amendment Scheme 1619	4801
2056. Johannesburg Amendment Scheme 3378	4801
2057. Randburg Amendment Scheme 1613	4802
2058. Johannesburg Amendment Scheme 3597	4802
2059. Roedtan: Division of Land	4803
2060. Sandton Amendment Scheme 1768	4803
2062. Pretoria Amendment Scheme: Hatfield	4804
2063. Midrand Division of Holding 270	4804
2064. Johannesburg Amendment Scheme 3565	4804
2065. Johannesburg Amendment Scheme 3585	4805
2066. Potchefstroom Amendment Scheme 344	4806
2067. Johannesburg: Establishment of Township	4806
2068. Johannesburg Amendment Scheme 3587	4807
2069. Krugersdorp Amendment Scheme 301	4807
2070. Klipriviervalley Amendment Scheme 1962	4808
2071. Vanderbijlpark Amendment Scheme 154	4808
2072. Sandton Amendment Scheme 1889	4809
2073. Kosmos Amendment Scheme: Establishment of Township	4809
2074. Pretoria Amendment Scheme 3881	4810
2075. Johannesburg Amendment Scheme: Illovo	4810
2076. Peri-Urban Areas Town-planning Scheme, 1975	4811
2077. Peri-Urban Areas Town-planning Scheme, 1975	4811
2078. Removal of Restrictions Act, 84 of 1967	4812
2079. Sabie Amendment Scheme 15	4815
2080. Removal of Restrictions Act, 1967: Portion 1 of Erf 2745 Kempton Park	4815
2081. Removal of Restriction Act: Erf 22, Florida View	4815
2082. Removal of Restrictions Act, 1967: Remaining Extent of Erf 15 Northcliff	4816
2083. Statement of Receipts and Payments for the period 1 April 1990 to 31 March 1991 Final	4816

INHOUD**Administrateurskennisgewings**

507. Munisipaliteit: Swartruggens: Uitsnyding van Gedeelte 53 'n Gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Brakfontein 404 JP	4774
511. Piet Retief-wysigingskema 18	4774
512. Verklaring toe Goedgekeurde Dorp: Dorp Retiefville ...	4774
513. Aansoek om Sluiting van 'n Openbare en Distrikspad 998 oor die plase Zwakfontein 1201S, Riversdale 119 IS: Vanschalkwyksrust 118 IS en Syferfontein 115 IS: Distrik Bethal	4777
514. Kennisgewing van Verbetering: Kwa-Guqa Uitbreiding 4	4777
515. Verklaring tot Goedgekeur Dorp Benoni Uitbreiding 45	4778
516. Benoni-wysigingskema 1/360	4779
517. Kennisgewing van Noord-Transvaal Streeksdiensteraad vir die hersamestelling en bepaling van lede	4780
518. Kennisgewing van Hoëveld Streeksdiensteraad: Hersamestelling en bepaling van lede	4780
519. Ordonnansie op Lisensies 1974 (Ordonnansie No 19 van 1974): Verandering van die lisensiegebied van die Lisensieraad van Germiston	4781
520. Plaaslike Owerheidskomitee van Phagameng: Verordeninge oor die toewysing en administrasie van die verhuring van huisvesting en tehuise onder beheer van Plaaslike Owerhede	4782
521. Verordeninge oor die toewysing en Administrasie van die verhuring van huisvesting in 'n sekere tehuise onder die beheer van die Plaaslike Owerheidskomitee van Mookgophong	4786
522. Dorp East Geduld Uitbreiding 1	4791

Offisiële Kennisgewing

41. Lydenburg: Wysiging van Skuttariewe	4791
---	------

Algemene Kennisgewings

2029. Randburg-wysigingskema 1603	4792
2032. Heradvertensie: Dorp Hennopspark Uitbreiding 18	4793
2042. Cullinan: Stigting van Dorp	4793
2043. Tzaneen-wysigingskema 99	4794
2044. Pretoria-wysigingskema. Erasmuskloof Uitbreiding 3 en Uitbreiding 4	4795
2045. Pretoria-wysigingskema: Erf 3366	4795
2046. Pretoria-wysigingskema 3885	4796
2047. Pretoriastreek-wysigingskema. Zwartkop Uitbreiding 8	4797
2048. Pretoria-wysigingskema. Groenkloof	4797
2049. Akasia-wysigingskema 32	4798
2050. Witbank-wysigingskema 1/281	4798
2051. Randburg-wysigingskema 1615	4799
2052. Randburg-wysigingskema 1616	4799
2053. Randburg-wysigingskema 1617	4800
2054. Randburg-wysigingskema 1618	4800
2055. Randburg-wysigingskema 1619	4801
2056. Johannesburg-wysigingskema 3378	4801
2057. Randburg-wysigingskema 1613	4802
2058. Johannesburg-wysigingskema 3597	4802
2059. Roedtan: Verdeling van grond	4803
2060. Sandton-wysigingskema 1768	4803
2062. Pretoria-wysigingskema: Hatfield	4804
2063. Midrand: Onderverdeling van Hoewe 270	4804
2064. Johannesburg-wysigingskema 3565	4804
2065. Johannesburg-wysigingskema 3585	4805
2066. Potchefstroom-wysigingskema 344	4806
2067. Johannesburg: Stigting van dorp	4806
2068. Johannesburg-wysigingskema 3587	4807
2069. Krugersdorp-wysigingskema 301	4807
2070. Klipriviervalley-wysigingskema 1962	4808
2071. Vanderbijlpark-wysigingskema 154	4808
2072. Sandton-wysigingskema 1889	4809
2073. Kosmos: Stigting van dorp	4809
2074. Pretoria-wysigingskema 3881	4810
2075. Johannesburg-wysigingskema: Illovo	4810
2076. Buitestedelike Gebiede Dorpsbeplanningskema, 1975	4811
2077. Buitestedelike Gebiede Dorpsbeplanningskema, 1975	4811
2078. Wet op Opheffing van Beperkings, 84 van 1967	4812
2079. Sabie-wysigingskema 15	4815
2080. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Gedeelte 1 van Erf 2745 Kempton Park	4815
2081. Wet op Opheffing van Beperkings, Erf 22, Florida View	4815
2082. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Resterende Gedeelte van Erf 15, Northcliff	4816
2083. Staat van Ontvangste en Betalings vir die tydperk 1 April 1990 tot 31 Maart 1991 Finaal	4816

2084.	Act No 81 of 1988: Leasehold Act	4817	2084.	Wet No 88 van 1988: Huurpagwet	4817
2085.	Halfway House and Clayville Amendment Scheme 485	4818	2085.	Halfway House en Clayville-wysigingskema 485	4818
2086.	Pretoria Amendment Scheme 3696	4819	2086.	Pretoria-wysigingskema 3696	4819
2087.	Pretoria: Proposed widening of Trouw Street	4819	2087.	Pretoria: Voorgenome verbreding van Trouwstraat	4819
2088.	Pretoria: Proposed widening of Flowers Street	4820	2088.	Pretoria: Voorgenome verbreding van Flowersstraat	4820
2089.	Pretoria: Proposed widening of Malherbe Street	4820	2089.	Pretoria: Voorgenome verbreding van Malherbestraat	4820
2090.	Pretoria: Proposed widening of Paul Kruger Street	4821	2090.	Pretoria: Voorgenome verbreding van Paul Krugerstraat	4821
2091.	Pretoria: Proposed closing of portions of Venter Street	4821	2091.	Pretoria: Voorgenome sluiting van gedeeltes van Venterstraat	4821
2092.	Randburg Amendment Scheme 1614	4822	2092.	Randburg-wysigingskema 1614	4822
2093.	Roodepoot Amendment Scheme 547	4823	2093.	Roodepoot-wysigingskema 547	4823
2094.	Sandton Amendment Scheme: Erf 229, Sandown Extension 24 Township	4823	2094.	Sandton-wysigingskema: Erf 229, Sandown Uitbreiding 24 Dorp	4823
2095.	Springs Amendment Scheme 1/591	4824	2095.	Springs-wysigingskema 1/591	4824
2096.	Pietersburg: Establishment of Township: Ivypark Extension 6	4824	2096.	Pietersburg: Stigting van dorpe: Ivypark Uitbreiding 6	4824
2097.	Pietersburg Amendment Scheme 253	4825	2097.	Pietersburg-wysigingskema 253	4825
2098.	Louis Trichardt Amendment Scheme 55	4825	2098.	Louis Trichardt-wysigingskema 55	4825
2099.	Edenvale Amendment Scheme 247	4826	2099.	Edenvale-wysigingskema 247	4826
2100.	Sandton Amendment Scheme 1895	4826	2100.	Sandton-wysigingskema 1895	4826
2101.	Sandton Amendment Scheme 1896	4827	2101.	Sandton-wysigingskema 1896	4827
2102.	Pretoria Amendment Scheme 3872	4827	2102.	Pretoria-wysigingskema 3872	4827
2103.	Ermelo Amendment Scheme 58	4827	2103.	Ermelo-wysigingskema 58	4827
2104.	Bethal: Establishment of Township	4828	2104.	Bethal: Stigting van Dorpe	4828
2105.	Edenvale Amendment Scheme 250	4828	2105.	Edenvale-wysigingskema 250	4828
2106.	Oekney Amendment Scheme 40	4829	2106.	Oekney-wysigingskema 40	4829
2107.	Akasia Amendment Scheme 33	4829	2107.	Akasia-wysigingskema 33	4829
2108.	Kempton Park Amendment Scheme 330	4830	2108.	Kempton Park-wysigingskema 330	4830
2109.	Springs Amendment Scheme 1/607	4830	2109.	Springs-wysigingskema 1/607	4830
2110.	Springs Amendment Scheme 1/624	4831	2110.	Springs-wysigingskema 1/624	4831
2111.	Springs Amendment Scheme 1/626	4831	2111.	Springs-wysigingskema 1/626	4831
2112.	Delmas Amendment Scheme 21	4832	2112.	Delmas-wysigingskema 21	4832
2113.	Standerton Amendment Scheme 34	4832	2113.	Standerton-wysigingskema 34	4832
2114.	Sandton Amendment Scheme 1891	4833	2114.	Sandton-wysigingskema 1891	4833
2115.	Pretoria Region Amendment Scheme 1241	4833	2115.	Pretoriastreek-wysigingskema 1241	4833
2116.	Johannesburg Amendment Scheme 3595	4834	2116.	Johannesburg-wysigingskema 3595	4834
2117.	Sandton Amendment Scheme 1893	4834	2117.	Sandton-wysigingskema 1893	4834
2118.	Sandton Amendment Scheme 1752	4835	2118.	Sandton-wysigingskema 1752	4835
2119.	Randburg Amendment Scheme 1601	4835	2119.	Randburg-wysigingskema 1601	4835
2120.	Sandton Amendment Scheme 1900	4836	2120.	Sandton-wysigingskema 1900	4836
2121.	Germiston Amendment Scheme 364	4836	2121.	Germiston-wysigingskema 364	4836
2122.	Halfway House and Clayville Amendment Scheme 627	4837	2122.	Halfway House en Clayville-wysigingskema 627	4837
2123.	Roodepoot Amendment Scheme 545	4838	2123.	Roodepoot-wysigingskema 545	4838
2124.	Krugersdorp Amendment Scheme 302	4838	2124.	Krugersdorp-wysigingskema 302	4838
2125.	Krugersdorp Amendment Scheme 303	4839	2125.	Krugersdorp-wysigingskema 303	4839
2126.	Correction Notice	4839	2126.	Kennissgewing van Verbetering	4839
2127.	Notice of Pretoria Amendment Scheme	4839	2127.	Kennissgewing van Pretoria-wysigingskema	4839

Local Authority Notices

3619.	Germiston	4841
3620.	Germiston	4841
3629.	Kempton Park	4841
3631.	Kempton Park	4842
3640.	Nelspruit	4842
3675.	Sulfontein	4843
3681.	Vanderbijlpark	4843
3688.	Vereeniging	4843
3694.	Krugersdorp	4844
3698.	Bedfordview	4844
3718.	Kriel	4844
3733.	Thabazimbi	4845
3734.	Akasia	4845
3735.	Akasia	4847
3736.	Alberton	4847
3737.	Bedfordview	4847
3738.	Bedfordview	4848
3739.	Boksburg	4848
3740.	Boksburg	4849
3741.	Boksburg	4849
3742.	Brakpan	4849
3743.	Brakpan	4850
3744.	Breyten	4851
3745.	Brits	4851
3746.	Brits	4852
3747.	Brits	4852
3748.	Brits	4852
3749.	Christiana	4853
3750.	Dendron	4853
3751.	Delareyville	4853
3752.	Devon	4854
3753.	Ellisras	4854
3754.	Fochville	4854
3755.	Hartbeesfontein	4855
3756.	Johannesburg	4855
3757.	Johannesburg	4855
3758.	Johannesburg	4856
3759.	Johannesburg	4856
3760.	Kinross	4856
3761.	Kinross	4856
3762.	Kempton Park	4857

Plaaslike Bestuurskennisgewings

3619.	Germiston	4841
3620.	Germiston	4841
3629.	Kempton Park	4842
3631.	Kempton Park	4842
3640.	Nelspruit	4842
3675.	Sulfontein	4843
3681.	Vanderbijlpark	4843
3688.	Vereeniging	4843
3694.	Krugersdorp	4844
3698.	Bedfordview	4844
3718.	Kriel	4844
3733.	Thabazimbi	4845
3734.	Akasia	4846
3735.	Akasia	4847
3736.	Alberton	4847
3737.	Bedfordview	4848
3738.	Bedfordview	4848
3739.	Boksburg	4848
3740.	Boksburg	4849
3741.	Boksburg	4849
3742.	Brakpan	4850
3743.	Brakpan	4850
3744.	Breyten	4851
3745.	Brits	4851
3746.	Brits	4852
3747.	Brits	4852
3748.	Brits	4852
3749.	Christiana	4853
3750.	Dendron	4853
3751.	Delareyville	4853
3752.	Devon	4854
3753.	Ellisras	4854
3754.	Fochville	4854
3755.	Hartbeesfontein	4855
3756.	Johannesburg	4855
3757.	Johannesburg	4856
3758.	Johannesburg	4856
3759.	Johannesburg	4856
3760.	Kinross	4857
3761.	Kinross	4857
3762.	Kempton Park	4857

3763.	Kempton Park.....	4857
3764.	Kempton Park.....	4858
3765.	Kempton Park.....	4858
3766.	Klerksdorp.....	4858
3767.	Lichtenburg.....	4859
3768.	Louis Trichardt.....	4859
3769.	Middelburg.....	4860
3770.	Middelburg.....	4860
3771.	Midrand.....	4861
3772.	Naboomspruit.....	4861
3773.	Naboomspruit.....	4862
3774.	Nigel.....	4864
3775.	Nigel.....	4864
3776.	Pietersburg.....	4865
3777.	Pietersburg.....	4865
3778.	Pietersburg.....	4865
3779.	Potchefstroom.....	4865
3780.	Potchefstroom.....	4866
3781.	Potchefstroom.....	4866
3782.	Pretoria.....	4866
3783.	Pretoria.....	4867
3784.	Randburg.....	4867
3785.	Roodepoort.....	4868
3786.	Rustenburg.....	4868
3787.	Rustenburg.....	4868
3788.	Sabie.....	4869
3789.	Springs.....	4869
3790.	Ventersdorp.....	4869
3791.	Vereeniging.....	4870
3792.	Witbank.....	4870
3793.	Wolmaransstad.....	4870
3794.	Midrand.....	4871
3795.	Midrand.....	4878
	Tenders.....	4879

3763.	Kempton Park.....	4857
3764.	Kempton Park.....	4858
3765.	Kempton Park.....	4858
3766.	Klerksdorp.....	4859
3767.	Lichtenburg.....	4859
3768.	Louis Trichardt.....	4859
3769.	Middelburg.....	4860
3770.	Middelburg.....	4861
3771.	Midrand.....	4861
3772.	Naboomspruit.....	4862
3773.	Naboomspruit.....	4863
3774.	Nigel.....	4864
3775.	Nigel.....	4864
3776.	Pietersburg.....	4865
3777.	Pietersburg.....	4865
3778.	Pietersburg.....	4865
3779.	Potchefstroom.....	4866
3780.	Potchefstroom.....	4866
3781.	Potchefstroom.....	4866
3782.	Pretoria.....	4867
3783.	Pretoria.....	4867
3784.	Randburg.....	4867
3785.	Roodepoort.....	4868
3786.	Rustenburg.....	4868
3787.	Rustenburg.....	4869
3788.	Sabie.....	4869
3789.	Springs.....	4869
3790.	Ventersdorp.....	4869
3791.	Vereeniging.....	4870
3792.	Witbank.....	4870
3793.	Wolmaransstad.....	4871
3794.	Midrand.....	4874
3795.	Midrand.....	4878
	Tenders.....	4879